



JAARVERSLAG: PHAROS GEMEENSKAPSENTRUM MAART 2018 - FEBRUARIE 2019

- Ons vier ons **10^{de} verjaarsdag** op 1 Maart 2019!
- Ons het groot waardering vir “Vriende van Pharos” wat ons werk ondersteun deur deelname, donasies en voorbeding. Hulle word op hoogte gehou van sake deur ons **Webwerf en sosiale media (facebook en twitter)**.
- ’n Groot aantal individue word maandeliks ondersteun:
 - ’n Gemiddeld van 138 **beradingsessies** per maand dws 7 per dag.
 - Talle **navrae** word ook daagliks hanteer tov behoeftes en ondersteuning.
- Groot hoeveelhede **kos en klere** word maandeliks versprei na individue en hulpbehoewende instansies waarby Vriende van Pharos betrokke is. ’n Groot aantal dinamiese en bekwame medewerkers het by hierdie projekspanne aangesluit.
 - 33 **Gesinne/huishoudings** is finansiële ondersteun.
 - 23 **Gesinne en instansies** het kruideniersware ontvang.
 - Die **Kos**-projek het donasies ter waarde van R44 809-00 ontvang en kos ter waarde van R105 910-00 is versprei (R8 825-00pm). Kruideniersware ter waarde van R79 374-00 is aangekoop.
 - Die **Klere**-projek het klere ter waarde van R393 750-00 ontvang en klere ter waarde van R406 800-00 is aan 197 afsetpunte voorsien.
 - **Voedselvoorrade** word aangevul deur verskeie bydraes van “Vriende van Pharos”. Die deurlopende bydraes van Lux Mundi se lidmate speel ’n onmisbare rol. Die bydraes deur besighede en skole maak ook ’n groot verskil.
- **Pharos-Noodsorg** het gemiddeld R20 341.00 per maand spandeer aan die nood van individue en gesinne. (Byvoorbeeld vir Munisipale-rekeninge, huurgeld, dringende mediese behoeftes, ens).
- Groeiende **netwerke en verhoudings** met instansies in die plaaslike gemeenskap – Laer- en Hoërskool Garsfontein, die SAPD, die CMR, veiligheidsforums en gemeentes, Solidariteit/Helpende Hand.
- **Pharos Skryfbehoeftes-projek** ondersteun behoeftige kinders met skryfbehoeftes ter waarde van R26 769.00.
- Ons ondersteun weekliks verskeie **haweloses/werklooses** wat aanklop vir hulp. Hulle word op die volgende maniere gehelp: voedsel en klere, berading en “skills training”. 15 Persone het die “skills training” voltooi en is met sertifikate beloon.
Die Pharos Groentetuin is deur middel van Ford VSA gefinansier, ons hawelose manne is bemagtig om groente te kweek en om draadhangmandjies vir blomme te maak.
- Daar is in totaal 1000 rantsoenpakke met nie-bederfbare voedsel aan haweloses voorsien. Op Kersdag is 30 pakkies met kruideniersware en ’n Kersboodskap in ’n Afrika-taal uitgedeel.
- Pharos lewer ’n finansiële bydrae aan Re-Connect. Die maatskaplike werker is ook op ’n ad hoc-basis betrokke met die gee van advies aan personeel.
- **Jakob se Put** ondersteun weekliks talle persone “tussen werke”. Vanaf 2012 tot 2018 is 143 persone op verskillende wyses ondersteun. 52 het weer permanente werke, 16 het hulle eie besighede begin, 18 is steeds “tussen werke” en 56 het kontak verbreek met JSP.
- Deur middel van die **TRUDREAMS-projek** is 7 leerders voorsien van uitrustings vir onder andere die Matriekafskied en ander geleenthede.
- **GEE REG PROJEK** (in samewerking met **Solidariteit/Helpende Hand** en **Moeggesukkel**, Rehabilitasie-sentrum vir Dwelmverslaafdes).

Maaltye is op alle weksdae voorsien by die volgende punte: Pharos, NG Faerie Glen, NG Garsfontein en Rietvallei Gereformeerde Kerk. Gedurende 2018 is 13542 maaltye voorsien in Centurion en Pretoria-Oos. Alhoewel die projek fokus op die bereiking van dwelmafhanlikes, vind talle uitgehongerde haweloses ook baat daarby. Verder kom die boodskap tuis by die publiek om hulle liefdadigheidsbydraes "reg" te gee en alle kontant van die straat af te kry.

- **CHICS PROJEK (Mamelodi).** Pharos ondersteun **Catherine Senyolo** die CHICS-program se gemeenskapswerker in Mamelodi. Dit behels 'n geïntegreerde program waar die kerk, huishoudings en kleuterskoolpersoneel saamwerk om te verseker dat behoeftige en veral brose kinders (soos vigswesies) in 'n gesonde huishouding grootword.
- **B-NET.** Die impak van die langdurige afplating in die ekonomie wys duidelik uit die feit dat mense dit al moeiliker beleef om alternatiewe bronne van inkomste te vind. Soos verlede jaar is dit ook duidelik dat meer mense jonger as 50 ook hulp nodig het.

Ons het verlede jaar fokus geskuif om bestaande besighede in die gemeenskap te mobiliseer. Die Gemeenskap BNet-forum wat in Februarie 2018 afgeskop het, kom maandeliks bymekaar. Ons benodig 'n vrywillige bemarker wat bewusmaking in die groter gemeenskap kan doen. Daar is 11 besighede geregistreer wat die proses ondersteun. Die BNet Projek onderhou steeds 'n facebookblad en webblad. BNet het in Feb 2019 'n suksesvolle Prikkel 1000 werkswinkel gehou waar 36 mense 360 besigheids-idees gegenereer en gedeel het. Ons is besig om die top 10 idees se potensiaal verder te ondersoek. Ons is ook besig om die beplande Jakob se Put padstal in Atterburyweg te ondersteun. Dit mag geleentheid bied om 'n watertrapbesigheid uit te rol.

Ons kyk ook na die potensiaal om by die deel-ekonomie betrokke te raak. In die verband het ons al gesprekke met KOS.Community gehad en kyk na die Do4U konsep wat in Port Elizabeth begin is. Dit deel kleinwerkgeleenthede in die gemeenskap en maak die gemeenskap bewus van die nood om geld langer in die gemeenskap in sirkulasie te hou.

- **UITBREIDING VAN FASILITEITE.** Die uitbreiding van die konferensiekamer bly steeds 'n langtermyn doelwit.
- **BEMARKING.**
 - Jeandre Slabbert se *facebook*-dekking van ons nuusbriewe is van onskatbare waarde.

PAD VORENTOE

UITKOMS VAN STRATEGIESE BEPLANNING:

Die volgende doelstellings van Pharos is herbesoek en bevestig:

1. Ons dien die plaaslike gemeenskap deur deurlopende ondersteuningsdienste aan mense wat nood ervaar.
2. Ons help behoeftiges om sover moontlik 'n selfstandige en menswaardige bestaan te voer.
3. Ons stel mense in staat om betrokke te raak by nood in hulle eie gemeenskap.
4. Ons loods en ondersteun volhoubare ontwikkelingsprojekte.
5. Ons bevorder leefstyle en gewoontes in die plaaslike gemeenskap wat volhoubaarheid en 'n beter lewe vir almal sal verseker.
6. Ons NETWERK met ander hulporganisasies (soos Jakob se Put, CMR, Solidariteit/Helpende Hand) en met gemeenskapsorganisasies (soos kerke, skole, die SAPD, veiligheidsforums), asook met die sakegemeenskap.

BEDANKINGS

- Ons Hemelse Vader wat geroep het en daagliks voorsien!
- Pharos projekteleiers, vrywilligers en Bestuur.
- Donateurs en Vriende van Pharos.
- Pharos personeel.
- Lux Mundi Gemeenteraad, leraars en kantoorpersoneel.
- Lux Mundi gemeentelede.